EXTRAORDINARY BUITENGEWONE

# THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Government Gazette

# Staatskoerant

# VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

gistered at the General Post Office as a Newspaper.] [Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

L. VI.] PRICE 5c CAPE TOWN, 14TH DECEMBER, 1962. KAAPSTAD, 14 DESEMBER 1962. PRYS 5c [No. 401.

HOUSE OF ASSEMBLY.

[10th December, 1962.

e following Bill, transmitted to the Secretary to Iouse of Assembly for publication preparatory to onsideration in the ensuing session of Parliament blished in accordance with Standing Order No. 288.

R. J. McFARLANE,
Secretary to the House of Assembly.

VOLKSRAAD.

[10 Desember 1962.

Die volgende Wetsontwerp, aan die Sekretaris van die Volksraad gestuur vir publikasie vóór oorweging daarvan in die eersvolgende sessie van die Parlement, word ooreenkomstig artikel 288 van die Reglement van Orde gepubliseer.

R. J. McFARLANE,
Sekretaris van die Volksraad.

# BILL

**To amend the law relating to divorce.**

(*To be introduced by* G. F. VAN L. FRONEMAN, ESQ., M.P.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Courts precluded from making judicial separation order.

**1.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained it shall not be competent for any court, after the specified date, to make an order of judicial separation *a mensa et thoro* between spouses.

(2) The provisions of sub-section (1) shall not be construed as precluding spouses from executing a notarial deed of separation *a mensa et thoro.*

Existing order or deed of separation *a mensa et thoro* may be set aside.

**2.** (1) Where a judicial order or notarial deed of separation *a mensa et thoro* is in existence at the commencement of this Act, either of the spouses concerned (hereinafter referred to as the plaintiff) may at any time after the specified date apply, by way of notice of motion, to any competent provincial, local or circuit local division of the Supreme Court to have such order or notarial deed set aside and for an order directing the other spouse concerned (hereinafter referred to as the defendant) to restore conjugal rights to the plaintiff, and failing compliance therewith, a decree of divorce, as well as for further orders as to the guardianship and custody and the maintenance of minor children born of the marriage (if any) and for an order determining the proprietary rights of the parties.

(2) The plaintiff shall serve or cause to be served on the defendant personally in the manner prescribed by law copies of all the relevant documents in connection with the application.

(3) (*a*) Before giving judgment the court hearing the application may in its discretion—

(i) postpone the proceedings to any date fixed by it and order that further or better oral or written evidence be submitted to it, or

(ii) order that the proceedings be converted into a trial to be heard on a date fixed by it.

(*b*) If the proceedings are converted into a trial as referred to in sub-paragraph (ii) of paragraph (*a*), the notice of motion in the original application shall for the purposes of the trial be deemed to be the summons.

(4) The court hearing the application or conducting the trial (as the case may be) shall, if it is proved to its satisfaction that such judicial order or notarial deed of separation *a mensa et thoro* does in fact exist between the parties, and that not less than one year has elapsed since the order was made or the notarial deed was executed (as the case may be), set aside such order or such notarial deed and may at the same time make such further order as it may deem fit in the circumstances: Provided that no order as to costs shall be made against the defendant unless the court finds that the defendant acted in a vexatious manner during the proceedings.

Notarial deed of separation executed after specified date may be set aside after one year.

**3.** If a notarial deed of separation *a mensa et thoro* is executed after the specified date, either of the parties to it may, after the expiration of one year from the date of execution thereof, apply to have such deed set aside, and the provisions of section *two* shall *mutatis mutandis* apply in respect of such application.

Specified date.

**4.** For the purposes of this Act, "specified date" shall mean a date fixed by the State President by notice in the *Gazette.*

Act to apply in South-West Africa.

**5.** This Act shall also apply in the territory of South-West Africa.

Short title.

**6.** This Act shall be called the Divorce Laws Amendment Act, 1963.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LIMITED, CAPE TOWN—C62

# WETSONTWERP

**Tot wysiging van die regsbepalings insake egskeidings.**

(*Ingedien te word deur die* WELED. HEER G. F. VAN L. FRONEMAN, L.V.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

*Howe belet om bevel van skeiding van tafel en bed uit te reik.*

**1.** (1) Ondanks andersluidende regsbepalings het geen hof bevoegdheid, na die vasgestelde datum, om 'n bevel van skeiding van tafel en bed tussen eggenotes uit te reik nie.

(2) Die bepalings van sub-artikel (1) word nie so uitgelê dat dit eggenotes belet om 'n notariële akte van skeiding van tafel en bed te verly nie.

*Bestaande bevel of akte van skeiding van tafel en bed kan tersyde gestel word.*

**2.** (1) Waar daar by die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n geregtelike bevel of notariële akte van skeiding van tafel en bed bestaan, kan enigeen van die betrokke eggenotes (hierna die eiser genoem) te eniger tyd na die vasgestelde datum by wyse van kennisgewing van voorstel aansoek doen by 'n regsbevoegde provinsiale, plaaslike of rondgaande plaaslike afdeling van die Hooggeregshof, om die tersydestelling van daardie bevel of notariële akte en om 'n bevel wat die ander betrokke eggenoot (hierna die verweerder genoem) gelas om huweliksregte aan die eiser te herstel, en by gebreke daaraan, 'n egskeidingsbevel, asook om verdere bevele insake voogdy en toesig oor en onderhoud vir minderjarige kinders uit die huwelik verwek (as daar is) en om 'n bevel tot reëling van die vermoënsregte van die partye.

(2) Die eiser moet afskrifte van al die ter sake dienende stukke in verband met die aansoek op die by wet voorgeskrewe wyse aan die verweerder persoonlik bestel of laat bestel.

(3) (*a*) Voordat die hof wat die aansoek verhoor, uitspraak gee, kan hy na goeddunke—

(i) die verrigtings uitstel tot 'n deur hom bepaalde datum en gelas dat meer of beter mondelinge of skriftelike getuienis aan hom voorgelê word, of

(ii) beveel dat die verrigtings omgeskep word in 'n verhoorsaak wat op 'n deur hom bepaalde datum moet dien.

(*b*) Indien die verrigtings omgeskep word in 'n verhoor soos in subparagraaf (ii) van paragraaf (*a*) bedoel, word die kennisgewing van voorstel in die oorspronklike aansoek geag die dagvaarding te wees vir die doeleindes van die verhoorsaak.

(4) Die hof wat die aansoek of die verhoorsaak (na gelang van die geval) verhoor, moet, indien tot sy oortuiging bewys is dat daar wel so 'n geregtelike bevel of notariële akte van skeiding van tafel en bed tussen die partye bestaan, en dat daar minstens 'n jaar verloop het sedert die bevel uitgereik of die notariële akte verly was (na gelang van die geval) daardie bevel of daardie notariële akte tersyde stel en kan hy terselfdertyd die verdere bevel uitreik wat hy in die omstandighede goedvind: Met dien verstande dat geen kostebevel uitgereik word teen die verweerder nie tensy die hof oordeel dat die verweerder op kwelsugtige wyse opgetree het tydens die verrigtings.

*Notariële akte van skeiding van tafel en bed na die vasgestelde datum verly, kan na een jaar tersyde gestel word.*

**3.** Indien 'n notariële akte van skeiding van tafel en bed na die vasgestelde datum verly word, kan enigeen van die partye daarby na verloop van 'n jaar na die datum van verlyding daarvan, aansoek doen om die tersydestelling van daardie akte en die bepalings van artikel *twee* is *mutatis mutandis* met betrekking tot daardie aansoek van toepassing.

*Vasgestelde datum.*

**4.** By die toepassing van hierdie Wet beteken „vasgestelde datum" 'n datum wat die Staatspresident by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

*Wet in Suidwes-Afrika van toepassing.*

**5.** Hierdie Wet is ook in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing.

*Kort titel.*

**6.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Egskeidingswette, 1963.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR CAPE & TRANSVAAL PRINTERS BEPERK KAAPSTAD—C62.